Herfs 2007
Volume 39
No.2

STRAATWERK

In God se nuwe wêreld keer die rolle om

Nee, Ek het gekom om te dien

"Sê My, wie is die belangrikste persoon by 'n feesmaal, die eregaste of die kelners wat hulle bedien? Ja, natuurlik: die eregaste. Maar kyk wat Ek kom doen het. Ek wat die heel belangrikste van almal is, het my koningsklere uitgetrek. Ek dien julle almal."
(Lukas 22:27 uit Die Boodskap)

" Waar iemand ook al op aarde, in die Naam van Christus in die hemel, probeer om diens te lewer, probeer om van hierdie wêreld 'n leefbaarder, vriendeliker, veiliger plek te maak, is die Heilige Gees besig om midde-in die winter van hierdie wêreld lentebloeisels te laat bot, tekens wat verkondig: God se somer kom!" (Flip Theron)

Oral rondom ons is mense besig om lewenservaringe vir hulleself bymekaar te maak. Buitelugtydskrifte maak lysies van die belangrikste plekke waar jy moet by uitkom voor jy eendag hierdie lewe verlaat. Gaan klim Everest of stap die Visrivier Canyon (jy het waarskynlik jou eie lysie). Mooi foto's kan wel help, maar dit is die koue en deursettingsvermoë wat dit gevra het wat in jou gedagtewêreld vassteek. Hoe deel jy ervarings op die strate van Kaapstad met ander mense?

Twee-uur Saterdagoggend (na Goeie Vrydag) sit 'n groep werkers van STRAATWERK in ons Koffiekamer in Breëstraat met 'n afwagting. In ons herinneringswêreld is Jesus 'n paar ure tevore op Goeie Vrydag vir ons gekruisig.
"Kyk na My: Ek is die Seun van die mens. Tog het ek nie op 'n troon kom sit sodat mense My van kop tot tone kan bedien nie. Nee, Ek het gekom om te dien. Ek gaan binnekort selfs my lewe ter wille van julle almal opoffer. My lewe sal die losprys wees wat baie mense uit die mag van die dood loskoop." **(Matteus 20:28 uit Die Boodskap)**
Saam met STRAATWERK se *Projek* OPRUIM spanne (haweloses wat op 'n eerbare manier kontant in die hand verdien deur die strate van Kaapstad skoon te maak) gaan ons nou die besigste straat, Langstraat, skoonmaak. 'n Begin van STRAATWERK se Anti-Besoedelingsveldtog. Onsekerheid. Ons wonder wat mense se reaksie gaan wees.
Drankbottels, papiere, sigaretstompies word met 'n doelgerigtheid deur ons *Projek* OPRUIM spanne opgetel en ek staan sprakeloos oor die gesindheid van al die werkers. 'n Helderkleurige pamflet met die woorde: *"The One who takes away the dirt of the world"* word aan elke nagloper gegee. Oral sien jy hoe mense die boodskap lees en as hulle dit neergooi, tel die werkers dit weer op. Verbasing op gesigte, sakke vol drankbottels en ander gemors later, was Langstraat nog nooit so skoon in die vroeë oggendure van 'n Saterdag nie. Hierdie prentjies word in ons elkeen se herinneringswêreld vasgelê.

Die eerste Christene kon net staatmaak op mondelinge oorvertellings van hulle belewenisse saam met Jesus met die hoop dat die boodskap oorgedra sal word van geslag na geslag en 2000 jaar later leef dit nog steeds in ons harte.

"Daar is 'n hoër ideaal as om 'n hoë posisie in die wêreld te beklee. Dit is om neer te buig en dié wat teen die grond is 'n bietjie hoër op te lig"
-Moeder Theresa-

-Fourie

In hierdie uitgawe:

Prostitusie: Die Hoop	2
Gebedsversoeke	2
Om mense innig jammer te kry...	3
Dankie!	3
Uitdagings vir OPHELP *Projekte*	4
Lokale in Breëstraat	4

Bid saam met ons regdeur die nuusbrief!

Prostitusie: Die realiteit, uitdaging en hoop

Ek kan nie meer reguit dink nie. Prostitusie doen dit aan 'n mens. Ek het dit in 'n boek gelees.
'n Gesofistikeerde 62 jarige vrou, wat al vir jare 'die pad werk'.

Dis mos nie reg nie. Gaan ons niks hieraan doen nie? Die mense weet nie wat dit aan 'n vrou doen nie. Dit neem jare om weer heel te word…
'n Jong gelowige wat 'n paar jaar gelede uit die lewe van prostitusie tot bekering gekom het en nou hoor van vroue en kinders wat moontlik in prostitusie betrokke mag raak.

Die pad is soos 'n "drug", suster, mens kom altyd weer terug.
'n Koppelaar ('pimp') wat begin besef het dat die lewe van prostitusie 'n houvas het op almal wat deel is daarvan.

…omdat haar sondes, wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde.
Jesus Christus se woorde oor 'n vrou wat 'n 'reputasie' gehad het en sy voete gewas het.

Die Drie-enige God het 'n 'reputasie' dat Hy seksueel gebroke mense help. Hy gee hulle nie net hulp om te oorleef nie. Hy skenk die oorvloedslewe aan hulle wat dit uit sy hand ontvang. Hy red Ragab uit Jerigo en maak haar deel van Sy volk…selfs sy geslagslyn. Aan 'n vrou wat op heterdaad betrap is, sê Hy*: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie."* Aan 'n lewensdorse vrou by 'n put gee Hy die Lewende Water.

Die Woord leer ons dat die vyand wil steel en doodmaak en uitroei. In die lewensstyl van prostitusie sien ons dit keer op keer. Die skade wat veroorsaak word, is afgryslik, onmeetbaar en 'n realiteit in elke aspek (sosiaal, emosioneel, psigies en fisies) van hulle lewens.

Dit is duidelik dat die meeste van die vrouens (wat in prostitusie betrokke raak) voor hulle toetrede tot prostitusie seksueel getraumatiseer is. Dit beteken dus dat vrouens en kinders wat reeds seer en stukkend is, verder afgebreek word.

Wanneer 'n vrou teen haar wil gebruik word, noem ons dit verkragting. Wanneer dieselfde daad egter met toestemming en vir geld aan haar gedoen word, noem ons dit prostitusie. Die realiteit is egter dat daar in beide gevalle diep skade aangerig word. Verder is dit tragies dat enige vrou toestemming tot sulke misbruik gee…

Prostitusie bestaan nie in isolasie nie! Dit het 'n invloed op alle betrokke partye. Die kliënt wen nie. Die koppelaar wen nie. Die vrou wen nie. Haar kinders wen nie. Die kliënt verloor nog 'n stuk van homself en soek steeds. Die koppelaar gebruik die geld en voel nog meer onvergenoegd met die lewe, oortuig dat hy nooit genoeg sal hê nie. Die vrou voel weer soos 'n gebruiksartikel en ervaar nog 'n skeuring in haar siel en kinders sien hoe hulle ma wegkwyn, al kan hulle dit nie regtig verwoord nie.

Prostitusie maak nie geld nie. Geld word net rondgeskuif van een gebroke individu na 'n ander en nie een van hulle word versadig nie. Die kwessie is nie die afwesigheid van geld nie, maar waarvoor die geld verruil word. Die eintlike kwessie is nie ekonomies nie, maar moreel. Die dag wat die eerste kosbare mens teen 'n prys verkoop is, het die vyand gejuig.

Vrygemaakte vroue saam met hulle kinders reik uit gedurende Paasfees!

Christus het met sy bloed betaal om ons terug te koop van ons sonde-bestaan. Die bloed maak ook die vrouens vry en wat 'n wonderlike vryheid is dit nie. Dit is ook 'n vreugde om te sien hoe Christus die oorwinnaar is in hierdie dierbare vrouens se lewens.

Dit is belangrik dat ons as Christene duidelike standpunt sal inneem in die stryd en ons moet dit doen deur ons dade, asook deur ons woorde. As ons bid dat die Here se Koninkryk sal kom; moreel toegewyd aan die Here lewe; die Evangelie van Hoop verkondig aan hulle wat in prostitusie verval het; duidelik standpunt inneem (waar ons ookal die kans kry) en diegene wat 'n keuse vir die Here gemaak het met uitbundige liefde verwelkom in die kerk, sal die Here die eer kry vir die oes wat inkom.

Die Blye Boodskap kan slegs verkondig word (in woorde en dade), wanneer dit in liefde en waarheid gedoen word. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie. Daarom is ons stryd nie teen hulle wat prostitusie wil wettig, die koppelaars of die kliënte nie. Ons stryd is IN CHRISTUS, teen die vyand en sy magte. Die stryd kan alleen in Christus se naam en krag gestry word, met diep passie en die weggee van onsself.

(Vervolg op bladsy 3)

Gebedsversoeke

Bid vir vrug op die Anti-Besoedelingsveldtog en dat dit wyer sal uitkring as die middestad van Kaapstad

Bid vir die bewus-makingsveldtog rakende die gevolge van prostitusie

Bid vir wysheid in die hantering en begeleiding van die groot aantal verstandelik gestremdes op straat

Bid vir al die besoekersgroepe wat saam met STRAATWERK kom uitreik; bid ook dat dit wyer sal uitkring

Bid vir die baie besoekers aan die koffiekamer en die pad vorentoe vir elkeen van hulle

Prostitusie

(Vervolg van bladsy 2)

Die vrouens en kinders het die kerk nodig. In dieselfde mate, of dalk meer, het die kerk hierdie vrouens en kinders nodig…

Ons deel graag dit wat ons glo die Here op ons harte geplaas het in die verband:

- Om steeds uit te reik na die vrouens wat vasgevang is in prostitusie.
- Om met nuwe gelowiges 'n pad te stap totdat hulle geïntegreer is in 'n Bybels-funksionerende gemeenskap van gelowiges.
- Om steeds, as voorkomingswerk, uit te reik na die kinders van die vrouens vasgevang in prostitusie.
- Om 'n veldtog te loods waarin die boodskap **"Waardevol vir Jesus - NIE TE KOOP NIE. STOP misbruik, prostitusie en pornografie"** uitgedra sal word. Een van die programme behels die uitdeel van soveel moontlik gebreide poppies en kaartjies, met dié boodskap, onder soveel moontlik kinders. (Skakel ons gerus as jy graag met die brei van die poppies wil help.)
- Om Stories van Hoop - dit is getuienisse van vrouens en kinders wat 'n keuse vir die Here gemaak het - beskikbaar te stel. (Ons is tans besig met die finale proses.)
- Om die 1ste September 2007 'n daglange kursus aan te bied, met tema: 'n Hoopvolle perspektief op die realiteit van prostitusie.

-Madri

Om mense innig jammer te kry...

In die Bybel lees ons op meer as een plek dat Jesus die mense innig jammer gekry het, maar hoe lyk dit vandag om mense innig jammer te kry?

Ons het ‘n droom gehad om vir 24-uur gedurende Paasnaweek die koffiekamer se deure oop te hê om mense te bedien. Die Here het ons droom waar gemaak en alles voorsien wat ons nodig gehad het - genoeg sop en brood en ander eetgoed; genoeg kreatiewe programme in die koffiekamer; genoeg hande om uit te reik; genoeg hulpsoekers om te kon bedien en ‘n vredevolle atmosfeer.

Daar was baie spesiale oomblikke. Oomblikke waarin ons geleer is om mense innig jammer te kry. Een van ons uitreikspannetjies het op Goeie Vrydag met ‘n man by die koffiekamer aangekom. Met sy aankoms het almal anders weggevlug, want hy was vuil, hy het baie sleg geruik en hy was aangerand en vol bloed. Die span wat hom daar aangebring het, het ook nie regtig geweet wat om met hom te doen nie, hulle het hom in die Tuine van Kaapstad gesien en hom innig jammer gekry.

> *“Ek het gesien hoe die mense draaie om hom loop, ook ander haweloses en ek het gedink dat dit nie reg is nie. Ek het hom innig jammer gekry. Ons elkeen het mos ‘n plekkie op hierdie aarde.”*

Saam-saam kon ons toe ‘n plan beraam om hom vir ‘n lekker warm stort te neem, sy wonde te vebind en skoon klere aan te trek.

Jesus het mense innig jammer gekry en hulle siektes genees en vir die menigtes kos gegee toe hulle honger was. Ons kan ook mense innig jammer kry en dan doen wat ons kan.

Dankie vir elkeen se bydrae gedurende Paasfees

Dankie vir:

- ‘n Groot en Goeie God wat drome verander in realiteite en mense se lewens daardeur aanraak

- elke gebed

- elke paaseier - ons kon meer as 7000 harte aanraak met die evangelieboodskap

- elke kruisie wat geborg is - ons kon 600 mense tasbaar herinner aan Jesus se kruisiging en opstanding

- elke pot sop en brood en ander kos - ons kon vir 24-uur lank hongeriges bedien

- elke liter melk en kilogram suiker en blik koffie

- elke gemeente wat gehelp het om die geleentheid bekend te maak

- al die ouers wat hulle kinders na die koffiekamer gebring het om diensbaar te wees

- aan elke mens wat die stap geneem het om vir die eerste keer uit te reik

- Al die getroue vrywilligers wat altyd bereid is om die ekstra myl te loop

- Wonderlike vroue wat tydens en na die uitreike gesorg het dat die werkers se innerlike versterk word

- elke besoeker aan die koffiekamer wat deelgeneem het aan die verskillende aktiwiteite

Ons is oorweldig!

Nog ‘n uitdaging vir OPHELP *Projekte*

Moet iemand anders altyd agter jou skoonmaak?

Ons eerste uitdaging: ‘n Vuil stad
OPHELP Projekte is gebore uit ‘n gebed:
“Here, help ons om iets te doen omtrent die rommel wat orals gestrooi lê - ons gemeenskap kan tog nie in die gemors leef nie.”
Nou is ons deel van almal wat ‘n aandeel daaraan het dat Kaapstad as die skoonste stad in Suid Afrika aangewys is die afgelope jaar en terselfdetyd is mense gehelp om hulle eie lewens op te ruim. Ons spanne met die helder gemerkte ***Jesus Saves*** jassies is prominent in die stad en dien die gemeenskap op hierdie manier in die Naam van Jesus Christus. Die feit dat Kaapstad vanaf Kampsbaai tot duskant Woodstock graffiti-vry is, is geheel ons spanne se aandeel.

Ons tweede uitdaging: ‘n Anti-Besoedelingsveldtog
Ons gebed:
“Here help ons om iets te doen daaraan dat ‘n gemeenskap so ongeërg kan mors en maar net verwag dat iemand anders agter hulle moet skoonmaak.”
Op Goeie Vrydag-nag, juis daardie verskriklike ure waarin ons Here Jesus die dood en oordeel ervaar het om ons sonde op Hom te neem, het ons die Anti-Besoedelingsveldtog geloods. Ons tema was: *”Die een wat die rommel van die wêreld wegneem.”* Meer as 20 werkers in die bekende helder ***Jesus Saves*** jassies het tussen 02:00 en 05:00 op daardie nag, tussen al die nagklubgangers in Langstraat, die strate skoongemaak. Langstraat, die plek waar al die morele-, klank- en rommelbesoedeling bymekaarkom. Saam met die 20 werkers was daar ook uitreikspanne (ongeveer 12 persone) wat pamflette met die boodskap en uitdaging: *Word deel van hulle wat skoongewas is van binne en daarom nie meer ‘n besoedelaar wil wees nie, maar deelneem aan die opruim van besoedeling.*
Die Boodskap en die sigbare skoonmaak van Langstraat het groot impak gehad in die lewens van hulle wat die klubs en kroeë besoek het.

-Hannes

Verdere verwikkelinge: Breëstraat 106, 108 en 110!

Breëstraat 108, Kaapstad
Hier is hulpsoekers al vanaf 1970 welkom om ‘n koppie koffie saam met ons te kom drink. Een-tot-een gesprekke, kreatiewe evangeliebediening en inligtingsessies word hier aangebied.
Breëstraat 110, Kaapstad
Hierdie lokaal is ongeveer 10 jaar gelede bygevoeg sodat ons deur verskillende opbouende films o.a die Jesus-film en *Heartlines* -reeks, kan uitreik na mense. Die wys van films is ook ‘n uitstekende manier om gesprek te stimuleer.
Breëstraat 106, Kaapstad
Die jongste toevoeging tot die STRAATWERK-familie (vanaf Maart 2007). OPHELP *Projekte* het so gegroei dat hulle nou ‘n eie lokaal het waarvandaan *Projek* OPRUIM spanne ingedeel en uitgestuur word.

Ons huur die lokale by St Stepen’s gemeente. Kom loer gerus in!

Kom kuier by ons:

Bekendstellingsaande:
Eenmaal per maand, om 19:30 word daar 'n bekendstellingsaand gehou om die werksaamhede van STRAATWERK bekend te stel.
Volgende geleentheid:
15 Mei, 5 Junie, 7 Aug, 4 Sept, 2 Okt, 6 Nov.
(Skakel ons net vooraf as jy so 'n aand wil bywoon)

STRAATWERK-toere:
Kom besoek o.a. die koffiekamer en ander uitreikplekke.
(Bespreek vooraf jou plek, oggend/aandtoere is beskikbaar. Daar is plek vir 8 persone per toer.)

Akkommodasie beskikbaar

STRAATWERK het veilige, billike akkommodasie beskikbaar by ons Hoofkantoor in die Noordelike voorstede (20km vanaf Kaapstad-middestad, naby Tygerberg en Panorama Hospitaal).
Moet jy iemand in die hospitaal kom besoek of dalk ‘n konferensie of kursus bywoon?

Skakel vir Fourie Truter by (021) 930 8055.

Ons is op die web!
www.straatwerk-capetown.co.za

Straatwerk
‘n Uitreikbediening na mense in nood in Kaapstad
Posbus 910
Parow
7499
Tel: +27 21 930 8055
Faks: +27 21 930 7690

Radio Tygerberg
104 FM
Vanaf 1996 het STRAATWERK die voorreg om weekliks ‘n program aan te bied op Radio Tygerberg. Tans word die program op Sondagmiddae 14:00 uitgesaai. Getuienisse word gedeel, gesprekke word gevoer en luisteraars word op hoogte gebring van dit wat God doen op die strate van Kaapstad.
Skakel gerus in.
(Ontvangs slegs in die Kaapse Skiereiland of regstreeks op www.104fm.org.za)

KAAPSEDRAAI Gastehuis
is meer as net ‘n gastehuis. Annette Victor is sinoniem met gasvryheid, liefde en omgee in oorvloed. Bespreek gerus vir ‘n nag of twee se wegbreek, of vir ‘n heerlike ontbyt vir jou en jou vriendinne of vir ‘n aandete uit die boonste rakke.
Skakel gerus vir STRAATWERK vir meer inligting.

E-pos: admin@straatwerk-capetown.co.za
Registrasienommer: NPO 003 276
ABSA takkode: 502 110
ABSA Rekeningnommer: 450 800 457

Die liefde van Christus dring ons!